# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


*… waar kind nog kind kan wees …*

11/2023

18 April 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Ons verwelkom almal terug na die afgelope vakansie. Ons sien uit na 'n voorspoedige kwartaal waar ons soveel as moontlik geleenthede vir ons skool se kinders wil skep om hul karakter te help vorm.

Ons verwelkom die volgende nuwe personeellede:

- Me Benita Azevedo (Ontvangssekretaresse),
- Me Janneke Botha (7.3 tydelik),
- Me Teresa Venter (Kuns) en
- Me Carla Saayman (3.1 tydelik). Ons vertrou dat hulle baie gelukkig by ons sal wees.

Aan die einde van verlede kwartaal het een van die ouers op die Beheerliggaam, Mnr Clarence Heath, sy bedanking weens persoonlike redes ingedien. 'n Tussenverkiesing sal op 10 Mei 2023 gehou word om die vakature *Buitemuurs* op die beheerliggaam te vul. Een nuwe ouer moet dus op die beheerliggaam verkies word. Ons moedig u aan om by hierdie proses betrokke te raak. Neem asb kennis van die volgende drie dokumente wat vandag op School Communicator gelaai word onder ***Bronne: Beheerliggaam***

- Beheerliggaam tussenverkiesing inligtingsbrief
- Aanhangsel A: Amptelike brief van kiesbeampte
- Aanhangsel B: Nominasie/benoemingsvorm

Ons o.13 A rugby-en netbalspanne het 'n baie genotvolle toernooi (Kobus Wiese Super Series by Laerskool Noord-Eind in die Paarl) in die vakansie bygewoon. Die waarde daarvan om gedurende die Maart-vakansie met die skool se eerste spanne aan so 'n toernooi deel te neem is weereens onderstreep. Kompeterende wedstryde is gespeel teen skole van oor die hele land, nuwe vriende is gemaak en vaardighede is in wedstrydsituasies geslyp en ontwikkel. Baie dankie aan vele betrokkenes om dit moontlik te maak. Ons sien uit na volgende jaar se toernooi.

Ons is saam met Juf Thealize Blake, haar man en Juf Zanri Meyer en haar man opgewonde oor hul nuwe aankomelinge. Kara Blake is op Woensdag, 12 April 2023 en Malan Meyer is op 14 April 2023 gebore. Baie geluk!



## 2. NUWE PERSONEEL KONTAKBESONDERHEDE

| Klas | Naam | E-posadres |
|---|---|---|
| 5.2 | André vd Merwe | avdmerwe@laerskoolmikro.co.za |
| 7.3 | Janneke Botha | aflos1@laerskoolmikro.co.za |
| 7.4 | Andries Olivier | aolivier@laerskoolmikro.co.za |
| Kuns | Teresa Venter | tventer@laerskoolmikro.co.za |
| Admin | Benita Azevedo | bazevedo@laerskoolmikro.co.za |

**Bevallingsverlof: Aflospersone**

| | | |
|---|---|---|
| Gr. 3.1 | Carla Saayman | csaayman@laerskoolmikro.co.za |
| Gr. 4.4 | Ilca Woest | iwoest@laerskoolmikro.co.za |

3. **VERLORE KLERE ("LOST & FOUND")**

Môre (Woensdag, 19 April 2023) tydens eerste pouse word alle nie-gemerkte klere en ander verlore goedere op die saal se stoep uitgepak. Indien dit nie deur leerders afgehaal word nie, sal die klere aan die klerebank geskenk word en ander verlore goedere sal vir liefdadigheid geskenk word. Ons wil dit weer beklemtoon dat leerders se eiendom duidelik gemerk moet word asb. Dankie vir u samewerking.

4. **WINTERSDRAG**

Leerders moet asseblief vanaf Dinsdag, 2 Mei 2023 volle wintersdrag dra. Intussen het hulle 'n keuse tussen somersdrag of wintersdrag, maar moet dit asseblief nie meng nie. Dankie vir almal se samewerking.

5. **BOEKEWEEK: MAANDAG, 8 MEI 2023 tot VRYDAG, 12 MEI 2023**

Die skool het weer 'n wonderlike boekuitstalling vanaf **8 tot 12 Mei 2023** in die inligtingsentrum. U is welkom om *na skool*, vanaf 14:30 - 15:30 die uitstalling te kom besoek.

Verkope gaan, soos in die verlede, in die inligtingsentrum plaasvind. Maak asb. gebruik van die voordeur en beweeg in die gang af na die inligtingsentrum.

U is welkom om kontant te betaal, maar daar sal ook kaartfasiliteite wees. Die leerders kry gedurende daardie week die geleentheid om deur die loop van die dag die uitstalling te besoek. Hulle mag met kontant betaal, of u kan met 'n kaart/per EFT betaal.

Bekende skrywers soos Jaco Jacobs, Fanie Viljoen, Wendy Maartens en vele ander se boeke sal te koop aangebied word. Daar sal ook volwasse leesboeke en resepteboeke te koop wees.



## 6. MA- en DOGTEROGGEND: SATERDAG, 6 MEI 2023




Dit is die ma's en dogters se beurt om bederf te word op
Saterdag, 6 Mei 2023.

Daar is nog 'n paar kaartjies beskikbaar teen R100 per persoon. Vul asb. die vorm in en stuur dit saam met die korrekte bedrag skool toe.

Enige navrae kan gerig word aan
me Thea Visser
by 084 580 8170 óf
tvisser@laerskoolmikro.co.za

### UITSTALLERS BY MA- EN DOGTEROGGEND

Persone wat daarin belangstel om 'n uitstaller (stalletjie met snuisterye vir ma's en dogters) te wees, kontak gerus vir

me. Thea Visser by
084 580 8170 óf
tvisser@laerskoolmikro.co.za

Alle inligting t.o.v. die uitstalgeleentheid, sal dan deurgegee word.

## Ma-en dogteroggend – 6 Mei 2023

Naam van dogter(s): ____________________________ Gr. ______

____________________________ Gr. ______

____________________________ Gr. ______

Naam van mamma: ____________________________

Bedrag ingesluit: R__________

**7. GHOLFDAG:** **VRYDAG, 19 MEI 2023**




Die Mikro Gholfdag vind op Vrydag, 19 Mei 2023 by die Kuilsrivier gholfbaan plaas.

Kontak gerus vir me Thea Visser (tvisser@laerskoolmikro.co.za) of me Elzaan de Jager (dejagerelzaan@gmail.com) en bespreek u plek **voor 28 April 2023.**

**8. TOPPRESTEERDERS – KWARTAAL 1**

Baie geluk aan die volgende leerders met hul uitsonderlike prestasie. Die name van hierdie leerders (alfabeties) is as volg:

**Akademiese Top 10-leerders**:

**GRAAD 4:**
LIZE ALBERTS, MICHAAL DE JAGER, RUSSOUW FERREIRA, ISABELLE JACOBSZ, CHARL KINGSLEY, ZIAN KOTZE, NICOLA SWIFT, LIAM VAN NIEKERK, NINA WASSUNG en MICAELA ZWAAN

**GRAAD 5:**
ZOÉ BOER, ALRIDA DE VOS, MIA ERASMUS, MJ ERASMUS, TIANA HENDRICKS, JANA LERM, JANRé NIEUWOUDT, SUZELLE NIMMO, ANJA SMIT en MARIA VAN DER MERWE

**GRAAD 6:**
LEILA BESTER, CHLOE DE WET, ZANDRé DU PREEZ, XIA DU TOIT, JANU JOUBERT, MIGNON KOTZENBERG, LEAH LINDEQUE, ZANICA MULDER, MICKEY MULLER, CALEB SWART, SIMON VILJOEN, LEO VISSER en ETHAN WHITE

**GRAAD 7:**
KAEBRE BROWN, LOGAN BURNARD, ENGELA CILLIERS, CALUM FOURIE, DONé JORDAAN, STEHAN MULDER, DANIKA SWIFT, ELANI THERON, LIENKA VAN NIEKERK, NINA VAN WYK en MICHELLE VOSLOO

**Leerders wat op die akademiese lys die 11de – 20ste plek behaal het, se name word ook bekend gemaak. Die name van hierdie leerders (alfabeties) is as volg:**

**GRAAD 4:**
KIARA BODE, ZOë COETZEE, MELANIE ENGELBRECHT, ISABELLE GOUWS, LEAH GROENEWALD, LIANO JANSEN, LENé KEET, GABRIëL LINGARD, ANIKA LOUW, DANé MOUTON, DANIEL OOSTHUIZEN, ANNABEL SLABBERT en KRISTEN VAN DER WESTHUIZEN

**GRAAD 5:**
CHLOë BLOMMAERT, JAKOBUS DE BOD, MIENKE JORDAAN, HANRU KEYSER, LEHAN KEYSER, WILLEM KOTZE, NINA MARAIS, LISA MARI MATTHEE, WILLIAM RICHARDSON en MIKAYLA SLABBERT

**GRAAD 6:**
LIAM BEUKES, JUWAN CONRADIE, MEGAN ERLANK, MICHAEL LUDICK, TRISHCA MOUTON, CHAMARIE NEL BEESLAAR, XAVIER PAPAH, DEWET PIENAAR, PETER SLADE KLEINHANS, MELANTé SMIT, DANIELLE VAN ZYL, TIAAN VAN ZYL en RICHARD VLOK

**GRAAD 7:**
DUAN ALBERTS, JOSHUA DONOHOE, JANCO DU PLESSIS, HERCU FERREIRA, TALITA LOUBSER, FRANCOIS LOUW, JULIA MOSTERT, HENDRé NAURATTEL, SAMUEL VAN WYK en KAYLIE YOUNG

## 9. LANDLOOP

Wat is landloop?

Landloop is ‘n hardloopsport wat in die opelug of natuur plaasvind en die terrein bestaan meestal uit gras en grondpad. Landloop is ‘n uitstekende vorm van oefening en hou baie gesondheidsvoordele in wat nie net fisiese gesondheid insluit nie. Dit leer kinders ook volharding, uithouvermoë, selfvertroue en dissipline wat tot hul voordeel kan wees in alle aspekte van hul lewens.

Die wedlope vind op Vrydae plaas en begin gewoonlik om 14:30 en eindig op die laatste om 16:00. Ons wil graag alle leerders wat van hardloop hou, uitnooi om die landloopoefeninge by te woon. Fiksheid gaan jou help in al jou ander sport!

Die oefensessies word deur Karla Verwey aangebied op Maandae en Woensdae om 16:45-17:30 en op Dinsdae om 13:30-14:15.

| Ouderdom | Afstand seuns | Afstand dogters | Wedloop datums |
|---|---|---|---|
| 10 | 2 Km | 2 Km | 14 April 2023 |
| 11 | 3 Km | 3 Km | 21 April 2023 |
| 12 | 3 Km | 3 Km | 5 Mei 2023 |
| 13 | 4 Km | 3 Km | 12 Mei 2023 |
| 14 | 4 Km | 4 Km | 19 Mei 2023 |
| 15 | 4 Km | 4 Km | 26 Mei 2023 |
| 16 | 6 Km | 4 Km | 21 Julie 2023 |
| 17 | 6 Km | 4 Km | |
| 19 | 8 Km | 6 Km | |

## 10. SPORTPROGRAM: 18 APRIL 2023 tot 22 APRIL 2023

Hierdie week se program is as volg:

- Woensdag, 19 April 2023: Rugby teen Table View (Weg)

- Donderdag, 20 April 2023: Hokkie teen Eversdal
  - Seuns (Tuis)
  - Dogters (Weg)

- Vrydag, 21 April 2023: Mini-Rugby en Netbal by L/S Saffier Sportdag (Weg)
  - O.7A, o.8A en o.9A

- Saterdag, 22 April 2023:
  - Mikro o.13A Hokkiedag by HS Bellville
  - o.10A en o.11A Netbal by Table View

## 11. WAARDE

Mikro se waarde vir Aprilmaand is **"TROTS"**.

- Wees **TROTS** op ons skool deur ons skoolterrein en omgewing skoon te hou en alle skooleiendom met respek te hanteer.
- Wees **TROTS** op jou skoolwerk deur netjies, deeglik en getrou te werk.
- Wees **TROTS** op jouself deur altyd korrek en netjies geklee te wees in jou skool- en sportdrag.
- Wees **TROTS** en leef met selfresprek, dan sal jy ander kan respekteer.
- Wees ALTYD 'n **TROTSE** Laerskool Mikro-leerder!

Voorspoed vir die week.

**L. Mouton**
**SKOOLHOOF**






Laerskool Mikro benodig asseblief u ou tydskrifte.

**Lig Finesse Vrouekeur Sarie Rooi Rose**

Stuur dit asb. voor/op Maandag, 24 April 2023 vir jou kind se klasonderwyser.

Baie dankie vir u samewerking.

## April 2023

◄ March | May ►

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10<br>**GESINSDAG** | 11 | 12<br>**SKOOL HEROPEN**<br>**BUITEMUURS BEGIN** | 13<br>Netbal WP Proewe R1 | 14<br>Rugby : Panorama - 10A (w)<br>***HS Bellville Toernooi: (w)***<br>*Rugby: 11A & 13A<br>*Netbal:12A & 13A<br>*Hokkie :13A | 15<br>Netbal : Durbanville - 10A (w) |
| 16 | 17<br>Netbal: De Kuilen (T) | 18<br>Netbal WP Proewe R2 | 19<br>Rugby : Table View (w)<br>Netbal WP Proewe R2<br>Graad 4 Uitstappie (4.2 en 4.3) | 20<br>Hokkie: Eversdal<br>Seuns: (tuis)<br>Dogters: (weg)<br>Graad 4 Uitstappie (4.1 en 4.4) | 21 **Landloop: Wedloop 1**<br>Mini Rugby + Netbal : Saffier Sportdag (w)<br>o.7A, o.8A en o.9A<br>Hokkie: Proewe R2 | 22<br>Netbal : Table View 10A & 11A (w)<br>Hokkiedag : HS Bellville - 13A (w)<br>ATKV Redenaars |
| 23 | 24<br>Ouerkomitee vergadering (18:00) | 25<br>Seniorkoor oefening (sport gaan normaal voort) | 26<br>Rugby & Netbal:<br>Brackenfell (w) | 27<br>**VAKANSIEDAG (VRYHEIDSDAG)** | 28<br>**SKOOLVAKANSIEDAG** | 29 |
| 30 | Notes: | | | | | |

**BLOU- DATUMS HET BYGEKOM**

**ROOI- DATUMS HET VERANDER**

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.***